

KAN SUID-AFRIKAANSE KAPITALISME OP KLEURBLINDHEIDAANSPRAAK MAAK?

S J Terreblanche

In 'n koerantonderhoud met *Die Burger* (12/4/90) verklaar mnr Julian Ogilvie Thompson - die nuwe voorsitter van Anglo American - dat die ANC se nasionalisasie beleid op die misvatting berus dat apartheid en kapitalisme sinoniem sou wees en dat die erfenis van ongelykheid 'n funksie van kapitalisme is. Volgens hom moet die ongelykhede egter aan die "selfsugtige stelsel" van apartheid gewyt word en nie aan kapitalisme nie omdat dit 'n heeltemal kleurblind stelsel is. Aangesien kapitalisme nie vir die ongelykhede verantwoordelik gehou kan word nie, sou dit volgens hom baie verkeerd wees van die ANC om met sy nasionalisasie-beleid te volhard. Ek is verbaas dat mnr Thompson van alle mense hom met so 'n onoortuigende ideologiese argument kan bedien.

Sedert mnr Mandela op 13 Februarie beweer het dat nasionalisasie - selfs van die goudmynbedryf - steeds ANC beleid is, is daar met 'n vloedgolf van argumente téén nasionalisasie na vore gekom. Met die meeste van hierdie argumente stem ek saam.

In die oorgang na 'n post-apartheid ekonomie en in die vroeë fase van so 'n ekonomie, sal Suid-Afrika 'n groot behoefte aan buitelandse kapitaal en entrepreneurskap nodig hê. Gevolglik sal die handhawing van sake-vertroue van kardinale belang wees en sal daar gepoog moet word om deurlopend omstandighede te handhaaf wat aantreklik of vriendelik genoeg sal wees om die nodige buitelandse betrokkenheid - én binnelandse vertroue - te verseker. 'n Nasionalisasie beleid sal waarskynlik doeltreffendheid en werkskepping ondermyn, sakevertroue skend en buitelandse belegging afskrik.

Vanweë die strategiese rol wat 'n gesonde en groeiende ekonomie in die oorgangsfase moet speel, is dit gewens - selfs noodsaaklik - dat toonaangewende sakemanne hulle nie met ongeldige en

ideologies-gelaaide argumente téén die ANC se nasionalisasie beleid sal probeer verweer nie. Dit kan die ANC net sterk in hulle oortuiging omtrent die verdienstelikheid van nasionalisasie. Ongelukkig is sommige van die argumente waarmee mnr Julian Thompson na vore kom, beslis nie geldig nie en kan dit vanweë die ideologiese inhoud daarvan kontra-produktief blyk te wees.

Mnr Thompson stel sy saak soos volg:

"n Mens moet simpatie hê met diegene wat n beleid van nasionalisasie voorstaan. n Mens kan sien hoe hulle begryplikerwyse maar tog verkeerdelik, glo dat apartheid en kapitalisme sinoniem is en dat die erfenis van ongelykheid en onregverdige begrotingstoedelings n funksie van kapitalisme is".

Op n vraag waarom hy glo dat apartheid en kapitalisme nie identies is nie, antwoord mnr Thompson soos volg:

"Wel, apartheid was n selfsugtige stelsel wat daarop gemik was om die vermeende doelstellings van n spesiale deel van die bevolking te bevorder. In n sekere sin was apartheid grootliks maatskaplike manipulasie (social engineering). Kapitalisme is daarenteen heeltemal kleurblind. Die kriterium van kapitalisme is die vrye mark waar vraag en aanbod bepaal wat wel of nie in die ekonomie moet gebeur nie. Dit is dus heeltemal verkeerd om die twee as dieselfde te identifiseer". (Ek kursiveer)

Wanneer mnr Thompson beweer dat apartheid n selfsugtige stelsel was om die vermeende doelstellings van "n spesifieke deel van die bevolking" te bevorder, stem ek met hom saam. Die vraag is net wie hy insluit by die spesifieke deel van die bevolking waarna hy verwys. Indien hy slegs op die Afrikaners sinspeel, het hy dit mis. Dit is wel waar dat die Afrikaners (of die grootste gros van hulle) die apartheidsbeleid en "onregverdige begrotingstoedelings" oor die afgelope 42 jaar op n baie ruwe wyse vir seksionale bevoordeling misbruik het. Maar dit wil

nie sê dat die Engelssprekende deel van die blankes hulle hande in onskuld kan was t.o.v. sowel apartheid as onregverdige begrotingstoedelings nie.

Mnr Thompson behoort tog te weet dat die Britse koloniale kapitalisme en die Engelse Establishment die militêre, ekonomiese en politieke mag wag hulle baie eensydig (en byna ononderbroke) in sê die 70 jaar vóór 1948 besit het, gebruik (en ook misbruik) het om 'n kleurgerigte en apartheidsgerigte samelewingspatroon in Suid-Afrika te vestig wat daarop bereken was om die belang van die klein korporatiewe sektor te bevoordeel en dit inderdaad ook sterk bevorder het - óók in die jare ná 1948.

Met hierdie argument wil ek geensins beweer dat "kapitalisme" en "apartheid" sinoniem of identies is nie. Apartheid en kapitalisme het egter vir 'n baie lang tyd baie met mekaar te make gehad. In dié tyd het 'n noue oorsaaklike wisselwerking en selfs 'n samewerkingsverhouding tussen hulle ontstaan en het die ekonomie en die politieke stelsels van Suid-Afrika met mekaar vervleg geraak. Gevolglik is dit onvanpas om kapitalisme van alle blaam ten opsigte van ongelykheid en onreg te probeer onthef met die argument dat apartheid 'n (selfsugtige) politieke stelsel is, terwyl kapitalisme na bewering 'n kleurblinde (ekonomiese) stelsel sou wees.

Mnr Thompson sal moontlik wil argumenteer dat Britse en Engelse invloede aanvanklik vir 'n rudimentêre vorm van apartheid verantwoordelik was, maar dat die statutêre apartheid van die afgelope 42 jaar die volle ontplooiing van kapitalisme belemmer het en dat hierdie sektor hom reeds vir 'n geruime tyd kragdadig beywer vir die afskaffing van die apartheidsbeleid van die NP. Hierdie argument het verdienste. Dit hou egter nie rekening met die belangrike verskil tussen die apartheidsbeleid enersyds en die lank reeds gevestigde ekonomiese en politieke apartheidstrukture en die resultate daarvan andersyds nie.

Terwyl die kapitalistiese sektor reeds 'n geruime tyd gekant mag wees teen die apartheidsbeleid, het dit tog nie die mag en

geleenthede waaroor dit beskik na wense benut om vir die nadele van die apartheidstrukture te kompenseer of om hierdie strukture te sloop nie. Indien mnr Thompson sou wil beweer dat die korporatiewe groep waarmee hy gemoeid is reeds met hulle filantropiese optrede en aandele-deelgenootskap die groep se "apartheidsrekening" vereffen het, sou hy hom waarskynlik die verwyte op die hals haal dat hy hom aan 'n proporsionele illusie skuldig maak.

Mnr Thompson volg sy "kleurblind-"argument op met die stelling dat "die kriterium van kapitalisme is die vrye mark waar vraag en aanbod bepaal wat wel of nie in die ekonomie moet gebeur". Ja, dit mag die "kriterium" wees wanneer kapitalisme opereer in 'n sosiaal-ekonomiese omgewing wat 'n redelike vooruitsig skep dat die private winsstrewende resultate sal oplewer wat bevorderlik vir die welvaart van die totale bevolking is. Maar hierdie kriterium kan tog nie van toepassing wees wanneer rykdom, mag en geleenthede so uiters skeef in die bestaande ekonomiese, sosiale en politieke strukture vasgelê is, soos wat die geval in die apartheidsgestruktureerde Suid-Afrika is nie.

Mnr Thompson sou hom op heelwat stewiger grond bevind het indien hy beweer het dat kapitalisme in sy modeltipiese vorm of as internasionale fenomeen 'n stelsel is wat kleurblind is en op vryemark-status kan aanspraak maak. Maar om in die rassistiese en etnies verwingde Suid-Afrika met sy ongelyke magstrukture en verskanste bevoordelings die verdienstes van sowel kleurblindheid as vryemark-status óók vir die Suid-Afrikaanse vorm van kapitalisme te wil opeis, maak mnr Thompson hom aan deursigtige ideologiese kunsgreep skuldig.

Solank persone soos mnr Thompson kapitalisme in Suid-Afrika op hierdie manier ideologies probeer regverdig, sal dit onbillik wees om van die ANC te verwag om hulle Marxistiese ideologie te laat vaar. En solank mnr Thompson volhard dat kapitalisme nie net 'n doeltreffende stelsel is nie maar ook ideologies neutraal of onskuldig is t.o.v. die Suid-Afrikaanse probleem, so lank sal dit onmoontlik wees om van die ANC te verwag om 'n konstruktiewe gesprek aan te knoop oor die wenslikheid van

'n aangepaste kapitalistiese stelsel en oor die perestroika wat nodig sal wees om van die huidige markgeoriënteerde stelsel so te hervorm dat dit funksioneel kan word om die welvaart van al 37 miljoen Suid-Afrikaners te bevorder. Of, anders geformuleer, die ANC sal waarskynlik met hulle sosialistiese voornemens volhard, solank daar gepoog word om die Suid-Afrikaanse vorm van kapitalisme met 'n nie-toepaslike ideologiese retoriek te probeer goedpraat.

Mnr Ogilvie Thompson is in dieselfde onderhoud ook uitgevra oor die internasionale bedrywigheede van De Beers. Volgens hom wil De Beers nie bloot dividende vir sy aandeelhouders verdien nie, maar ook internasionaal "n ordentlike mark vir diamante skep". Dit laat mens wonder hoe 'n multi-nasionale onderneming wat sy korporatiewe mag gebruik om 'n ordelike internasionale mark te skep, sy "internasionale ingryping" kan rym met sy filosofie van die "vrye mark" waar (onbelemmerde) vraag en aanbod die enigste bepalende faktor moet wees! Of is dit 'n geval dat die magstrukture en die sydigheid van die beweerde "vrye mark" in Suid-Afrika die belange van die korporatiewe sektor reeds so na wense bevorder dat korporatiewe "ingryping" alhier oorbodig is?

Terwyl mnr Thompson dit uiters moeilik gaan vind om die beweerde kleurblindheid van die Suid-Afrikaanse kapitalisme te verdedig, wonder 'n mens of die aantyging wat hy teen apartheid maak, as sou dit 'n selfsugtige stelsel wees, nie dalk teen hom kan boemerang nie vanweë die oordrewe magskonsentrasie in die hande van slegs 'n paar korporatiewe konglomorate nie. Ek wonder met welke argumente hy hom sal verweer teen 'n aanklag van die ANC dat nie net apartheid nie maar Suid-Afrikaanse kapitalisme ook 'n selfsugtige stelsel is omdat 'n klein elite hoofsaaklik daardeur bevoordeel word. Ek sou liever nie in sy skoene wil staan wanneer hierdie aanklag afgeweer moet word nie.

Maar miskien sou ek tog mnr Thompson tegemoet kan kom en namens hom die vraag probeer beantwoord waarom die ANC blykbaar in die eerste instansie van plan is om die goudmynbedryf te

nasionaliseer. 'n Mens moet simpatie hê met diegene wat 'n beleid van die nasionalisasie van die goudmyne voorstaan. 'n Mens kan sien hoe hulle begryplikerwyse, maar tog verkeerdelik, 'n populêre persepsie handhaaf dat die goudmynbedryf oor die afge-lope 100 jaar 'n baie groot "surplus" verdien het deur ongeskoolde en ongeorganiseerde Swartarbeid te eksploiteer. Hierdie persepsie word natuurlik versterk deur die feit dat die reële lone wat aan Swart trekarbeiders betaal is in 1970 nog laer was as wat dit in 1910 was en waarskynlik ook laer was as die vlak van 1890!

Die korporatiewe sektor sal verstandig wees as hy die ANC sou toegee dat die reële lone van trekarbeiders waarskynlik vir te lank te laag was en dat abnormaal groot winste wel gedurende hierdie tye behaal is. Ná so 'n bekentenis sou 'n mens seker die ANC kan oortuig dat die gouderts in Suid-Afrika relatief "arm" is en moeilik ontginbaar is en dat dit net winsgewend ontgin kon word danksy die gelyktydige teenwoordigheid van goedkoop arbeid én tegnologiese en entrepreneursvaardighede van 'n baie hoë gehalte.

Net so sal mens die ANC hopelik ook kan oortuig dat die "surplus" - as ons ons argumentshalwe met hierdie Marxistiese terminologie moet bedien - wat as gevolg van "arbeidseksploitasie" behaal is, waarskynlik tog nie so buitengewoon groot was soos wat in ooreenstemming met die ANC-persepsies daaromtrent geglo word nie. Boonop sal 'n mens ook kan aanvoer dat 'n redelike gedeelte van die "surplus" waarskynlik tog vir modernisering en ontwikkeling aangewend is.

Indien die goudmynbedryf gewillig sou wees om te erken dat ekonomiese en politieke strukture oor 'n lang tydperk daarvoor verantwoordelik was dat 'n deel van die "surplus" wat ten koste van swartarbeid behaal is vir seksionele bevoordeling misbruik is, sal dit 'n gunstige geleentheid bied om te onderhandel oor hoe die aldus geakkumuleerde "apartheidskuld" vereffen moet (en kan) word. Hierdie "vereffening" sou o.m. kan geskied in die vorm van voortgesette en groeiende betrokkenheid van die multinasionale korporatiewe sektor in Suid-Afrika en in die vorm van 'n bereidwilligheid om 'n relatief groot deel van die winste

en/of "surplus" van die korporatiewe sektor in redelik hoë belastings vir sosiale bestedings aan die nuwe demokratiese regering beskikbaar te stel. Hopelik sal die ANC dan meer as gewillig wees om hulle beleid omtrent nasionalisasie te laat vaar.

Dit behoort dan ook nie te moeilik te wees om die ANC te oortuig dat "volle beheer" oor bv. die goudmynbedryf tot 'n verlaging van doeltreffendheid, tot 'n lae ekonomiese groeikoers en tot 'n veel kleiner "surplus" sal lei nie. Gevolglik sal dit uit die oogpunt van die nuwe demokratiese regering in 'n stelsel van demokratiese kapitalisme voordeliger wees om eerder via belastings "beheer" oor 'n redelike groot deel van die groot "surplus" (wat die private sektor in 'n hopelik groeiende ekonomie sal behaal) te bekom, as "volle beheer" oor die klein en krimpende "surplus" wat deur 'n genasionaliseerde bedryf behaal sal word.